**Pinehas tree op vir die eer van die Here**

**Num 25:1-18**

**26 September 2021**

1. Num 23-24: Balak wou dat Bileam die volk Israel vervloek, maar die Here seën hulle in lyn met die Abrahamverbond, en kondig oordeel aan oor al hulle vyande
2. Gebeure by Sittim op die Moabsvlakte:
    a. Israelitiese mans verlei deur Moabitiese/Midianitiese vrouens tot onsedelikheid en afgodery (v1-3)
    b. Bileam het Balak geleer om die volk te verlei tot onsedelikheid en afgodery (Op 2:14)
    c. Die gevolg is dat die toorn van die Here ontvlam teen Israel (v3)
    d. Opdrag van die Here deur Moses: maak die leiers van die oortreders dood (v4)
    e. Moses en volk treur by die ingang van die tent van ontmoeting (v6)
    f. Plaag woed onder die volk (v8-9)
    g. Simri en Kosbi gaan doodluiters voort met hulle onsedelikheid (v6, 14 en 15)
    h. Pinehas staan op, neem spies en steek Simri en Kosbi dood (v7-8)
    i. Die plaag hou op, maar 24 000 is reeds dood (v8-9)
    j. Die Here keur Pinehas se optrede goed, want hy het opgetree ter wille van die eer van die Here (v10-11), sluit vredesverbond met hom, sal altyd priester wees (v12-13)
3. Die realiteit van sonde:
    a. Verskeie gebooie is oortree: 1ste, 2de en 7de gebooie (vgl Rom 7:7)
    b. Sonde strek wyd, bou op met verloop van tyd: Balak, Bileam, Moabitiese / Midianitiese vrouens, Israelitiese mans, leiers onder die volk, Simri/Kosbi
    c. Sonde het norm geword, is openlik bedryf
    d. Ons tyd: Buite/binne die kerk, al meer in openbaar, sonde word gewettig, word onwettig om nie te sondig nie
4. Wat leer ons oor die seën van die Here?
    a. Het die seën van Num 23-24 verval, was dit nie effektief nie?
        i. Nee, al daardie seëninge is steeds van krag
        ii. Midianiete word by lys van vyande gevoeg (v 17, vgl Num 31)
    b. Oortreding van die wet, lei tot vloeke (Deut 28) – maar die volk is nie vernietig nie
    c. Volk is getoets deur die Here deur die Moabitiese/Midianitiese vrouens:
        i. Sommiges maak dit ‘n versoeking, bv Simri (Jak 1:13-15)
        ii. Ander maak dit ‘n beproewing, bv Pinehas (Jak 1:2-4)
    d. Gemeente in Pergamum: getroues en afvalliges – moet hulle bekeer (Op 2:13-16)
    e. Hoëpriesterlike seën – beloof bewaring, genade (as ons in sonde val), vrede (as eindresultaat) (Num 6:24-26)
    f. Tugtiging deur die Here is ‘n seën wat lei tot onberispelikheid
5. Hoe lyk ywer vir die Here?
    a. Pinehas: lid van volk, bewus van volk se gedrag, ingegrawe in gebooie van die Here, oortuig die Here se eer is hoogste doel, bereid om op te staan, selfs alleen voor die hele gemeente, roei sonde uit (was nog relatief jonk)
    b. Is ons bereid om so op te tree – veral die in leierskap? (2 Tim 4:2)
    c. Resultaat: vrede met die Here, lewenslange verantwoordelikheid as priester – om die Here te eer!